Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

AUGUSTUS 2015

Bulletin

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

Posbus 20
Hermanus 7200

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmond	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24 Uur Beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

Hawston-leerders geniet 'n veilige, vermaaklike wintervakansie

Gedurende die halfjaarvakansie is Hawston se jongelinge weer eens die geleentheid gegun om vanaf 6-17 Julie 'n boeiende program met die vergunning van die Hawston Biblioteek; Hawston-Primêr, en Safe Schools Education by die Thusong-sentrum by te woon.

Die program was so reg in die kraal van die weetgieriges en die-gene wat graag hulle horisonne wou verbreed, waar die leerders 'n hele paar "slimmighede" in 'n veilige ruimte aangeleer het.

Gemik afgestem op leerders in die ouderdomsgroep 6 tot 17 jaar het hierdie program ten doel gehad om kinders gedurende die skoolvakansie veilig, besig en uit die strate te hou deur hul jeugdige lewenslus en energie op 'n konstruktiewe manier te herkanaliseer.

Aan die hand van 'n hele verskeidenheid insiggewende praatjies oor omgewingskwessies, waardes, standaarde en veiligheid het die program lewensvaardighede oorgedra onderwyl daar tegelyk daaraan gewerk is om jong Overstranders se selfvertroue, selfverwesenliking, prestering en geloof in die toekoms op te bou. Om die heel kleintjies te akkommodeer, is dieselfde boodskappe oor lewensvaardighede met behulp van poppekasvertonings en storievertellings bekragtig, afgewissel deur talentkompetisies waar ons ontluikende kunstenaar hul talente ten toon kon stel.

Hierdie program is vir die tiende opeenvolgende jaar aangebied, en het sowat 50 - 200 kinders daagliks vanaf 09:00 tot 13:00 geakkommodeer.

Sowat 15 werkers verbonde aan die Uitgebreide openbare werke-program het vrywillig aangebied om met toesighouding oor die kinders te help, onderwyl aktiwiteite vanaf 6 tot 10 Julie onder toesig van die VCSV (Verenigde Christelike Studentevereniging) aangebied is. Vanaf die 13de tot die 17de Julie het verskeie ander belanghebbendes soos Kinderwelsyn, "*Working for Fire*" en die departement van maatskaplike ontwikkeling ook bykomende programme aangebied.

Bywoning was gratis, en die kinders kon ook daagliks ontbyt en middagete geniet, onderwyl Munisipaliteit Overstrand 'n "verrassings-pakkie" vir elke bywoner voorsien het.

Enige organisasie of individu wat graag 'n bydrae vir volgende jaar se program wil lewer of wat meer te wete wil kom, kan in verbinding tree met die program se organiseerder, me Belinda May, by 028 315 1126 of 'n e-pos rig aan bmay@overstrand.gov.za.

DIE FYNDRUK ONDERAAN JOU MUNISIPALE REKENING LEES NOU SÓ

Elektrisiteit:

- Elektrisiteitsdeposito's vir kredietmeters word vanaf 1 Julie 2015 met 7.39% aangepas.
- Elektrisiteitsdeposito's vir voorafbetaalelektrisiteitmeters word vanaf 1 Julie 2015 na R424.00 verhoog

WATER

- Maak asseblief seker dat jou stopkraan toe is wanneer jy nie tuis is nie om onnodige waterverliese weens lekkasies in jou afwesigheid te verhoed.
- Verseker dat jy gedek is in die geval van lekkasies en gebarste pype op jou eiendom.
- Waterverbruik word bereken volgens 'n glyskaal. Die aantal dae tussen lesings moet in ag geneem word. Die formule kan van jou naaste munisipale kantoor verkry word.
- Moet nie met watervloeibeperkermeters peuter nie. Enige teken hiervan sal tot gevolg hê dat alle watertoevoer tot die perseel summier gestaak word.

Vullis

- Huishoudelike vullishouers of -sakke moet om 07:00 uitgeplaas word op die dag waarop vullis verwyder word.

Riolering

- Die afsnypunt vir die lewering van rioleringsdienste op dieselfde dag is 15:00. Enige versoek vir tenkerdienste wat na 15:00 ontvang word, sal teen die na-ure-tarief gefaktureer word of, so nie, tot die volgende werksdag oorstaan.

Rekeninge:

- Rekeninge is betaalbaar voor of op die 20ste van die volgende maand.
- Betaal jou rekening betyds om invorderingskoste, rente, verhoogde deposito's en staking en/of beperking van dienste te verhoed.

Korrespondensie:

- Om te verseker dat ons tydig op jou rekeningnavraag reageer, rig asseblief alle e-posnavrae aan enquiries@overstrand.gov.za. Ons beloof om binne tien dae te reageer.
- Overstrand se maandelikse nuusbrief is beskikbaar op die munisipale webblad: www.overstrand.gov.za.

ERFENISDAGVIERING MET 'n VERSKIL KOM VERLUSTIG JOU IN ONS NATUURERFENIS

Die prag van Hermanus, wat steeds menige toeris lok, is grootliks te danke aan ons fantastiese fynbos. Vanaf die 24ste tot die 27ste September kan almal wat die manjifieke skoonheid van ons proteas en heide op die prys stel, hulle in 'n asembenewende skou met die vergunning van Hermanus se Botaniese Vereniging by die Fernkloof-natuurreservaat kom verlustig.

En aangesien ons almal ten gunste van "inklusiwiteit" is, is daardie gediertes met wie ons ons unieke omgewing deel, ook na die partytjie genooi! Kom ontmoet hulle van aangesig tot aangesig in die fynbos!

Die fees wat oor vier dae strek, bied ook begeleide wandelings, natuurlewe-tentoonstellings, kunswerke en tuisgemaakte lekkernye in die markiestent sowel as 'n program wat hope pret vir die jongelinge beloof. Boonop sal, soos te wagte, heerlike soetgoed en middagetes vir die duur van die fees voorgesit word.

Toegangsgelde R20 (R10 vir pensionarisse op Vrydag).
Toegang vir kinders is gratis.

Nadere besonderhede kan verkry word deur 028 313 0819 te skakel of besoek botsochermanus@telkomsa.net www.facebook.com/ hermanusbotanicalsociety



NOMINASIES VIR 2015 SE BURGEMEESTERS-TOEKENNINGS

Tydens die jaarlikse Aand van Uitnemendheid word erkenning verleen aan uitblinkers wat 'n verskil maak in Overstrand met die toekenning van die Burgemeesterstrofee vir Omgewingsbewaring, die "Vrou/Vroue van die Jaar"-toekenning en die Toekennings vir Uitblinkers.

Die oorhandiging van die toekennings deur die Burgemeester, Nicolette Botha-Guthrie, vind op 25 Augustus plaas. Nominasies hiervoor word ingewag en moet op of voor Vrydag 7 Augustus 2015 ingehandig word.

Nominasies vir die gesogte Burgemeesterstrofee vir Omgewingsbewaring kan gestuur word na Liezl Bezuidenhout by lbezuidenhout@overstrand.gov.za.

Nominasies van vroue van die Overstrand wat 'n verskil maak in die gemeenskap en oorweeg behoort te word vir die "Vrou van die Jaar"-toekenning moet gestuur word na Elize Verrij by everrij@overstrand.gov.za.

Uitnemende uitblinkers in die gemeenskap word ook deur raadslede geïdentifiseer. Goed gemotiveerde nominasies vir hierdie toekenning kan by enige raadslid ingehandig word of gestuur word na Elize Verrij by everrij@overstrand.gov.za.

Nominasies kan ook by die Kantoor van die Burgemeester ingehandig word of gefaks word na 028 313 8067.

Neem asseblief kennis dat alle nominasies deur die volle kontakbesonderhede van beide die genomineerde en die persoon deur wie die nominasie gedoen word, vergesel moet word.

'n Senior of gestremde burger? Dalk is u geregtig op 'n korting op eiendomsbelasting.

Indien u 'n afgetrede of gestremde persoon met 'n bruto huishoudelike inkomste van nie meer as R11 280 per maand is nie, kan u dalk vir 'n spesiale korting op eiendomsbelasting kwalifiseer. Om vir hierdie spesiale korting te kwalifiseer, moet u

- 'n Suid-Afrikaanse burger en die geregistreerde eienaar van die eiendom wees;
- minstens 60 jaar oud of die ontvanger van 'n ongeskiktheids-pensioen vanaf die Staat wees; en
- die eiendom as u primêre woning bewoon.

Let ook daarop dat die eiendom ter sprake nie uit meer as een residensiële eenheid kan bestaan nie en dat u, as applikant, nie meer as een eiendom mag besit nie.

Nadere besonderhede oor spesiale kortings vir pensionarisse en gestremde persone kan verkry word deur u naaste Overstrand-administrasiekantoor te kontak.

Funky Fynbosfees beloof Hope Pret vir Hele Gesin

Met die oog daarop om besoekers aan Gansbaai en al sy aantreklikhede bekend te stel, gaan hierdie dorp op die naweek van 18-20 September 2015 vir die tweede keer as gasheer vir die Funky Fynbosfees optree.

Die spyskaart spog met bergfietsrenne, veldwedlope en selfs 'n kompetisie waar 4x4-entoesiaste kragte kan meet. Benewens een of twee kontantpryse, gaan die wenners van hierdie renne beloon word met koopbewyse wat hulle geregtig maak op 'n gratis haaiduik, walvisbesigtigingstoer of akkommodasie in Gansbaai.

Toegang tot die fees en stalletjie-area is gratis, maar inskrywing vir deelname aan die amptelike renne is onderworpe aan die betaling van inskrywingsgelde.

Om meer te wete te kom, besoek www.funkyfynbosfestival.co.za, www.xplorio.com/gansbaai of www.gansbaaiinfo.com.

RONDLOPERDIERE VOORTAAN MENSLIEWEND VASGEVAT

Op 24 Junie 2015 is die Konsepverordening insake die Skut van Diere in die Raad ter tafel gelê. Die voorneme met hierdie verordening is om te verseker dat Overstrand se bewoners, eienaars se eiendom en gebruikers van ons paaie beskerm word teen die potensiële gevare wat rondloperdiere soos perde, beeste, skape, bokke en varke kan inhou.

Die verordening stipuleer egter tegelyk onomwonde hoe daar omgesien moet word na diere wat afgedwaal het en hoe hulle, nadat hulle geskut is, behandel en oor beskik moet word.

Tans bepaal die verordening dat rondloperdiere vir tot op sewe dae geskut kan word alvorens daar na behoorlike kennisgewing aan die eienaar, waar so 'n eienaar opspoorbaar is, met hulle weggedoen kan word. Ooreenkomstig 'n aanbeveling deur Hermanus se dieresorg-vereniging sal 'n tarief van R59.95 per dag per geskutte dier gehef word. Daar word egter steeds met Overstrand se afdeling finansies oor hierdie tarief onderhandel.

Enigeen wat belang by die voorgenome verordening het en, in die besonder, die boetes wat ten opsigte van geskutte diere opgelê gaan word, moet asseblief met Overstrand se hoofwetstoepassingsbeampte, Lester Smith, by 028 313 5041 in verbinding tree of 'n e-pos rig aan lsmith@overstrand.gov.za. Afskrifte van die voorgestelde verordening kan vanaf jou naaste munisipale kantoor verkry word en is ook beskikbaar op Overstrand se amptelike webwerf: www.overstrand.gov.za

DOEN JOU BES OM ONS WAGGELENDE VRIENDJIES TE BEVEILIG

Namens Gansbaai se rehabilitasiesentrum vir Afrika-pikkewyne en seevoëls (African Penguin and Seabird Sanctuary of APSS) bring Bulletin graag die volgende beroep onder lesers se aandag:

Sou jy op 'n wandeling langs die strand of kus op 'n pikkewyn of seevoël afkom wat ongetwyfeld van die groep afgedwaal het, doen asseblief die volgende:

- *Skakel APSS se noodlyn onverwyld by 072 598 7117.*
- *Doen jou bes om nuuskieriges, hetsy mense of honde, op 'n afstand te hou totdat APSS se reddingspan opdaag.*

Moet ook nie terwyl jy op die reddingspan wag probeer om die voël te voer of weer die see in te stuur nie.

O·A·K
overstrand arts • kunste

'n PASSIEVOLLE VIRTUOOS - KOM AANSKOU 'n FENOMENALE TJELLIS IN AKSIE

Op Sondagmiddag 16 Augustus gaan OAK 'n konsert met die jong New Yorkse tjello-wonder **Ben Capp**s in Hermanus se Ouditorium aanbied.

Capps sal werke deur Britten, Debussy, Chopin en Mendelssohn speel.

Die konsert begin om 15:30.

Bespreek vroeg om teleurstelling te voorkom.

Kaartjies kos R120 (R60 vir studente) en besprekings kan by BELLINI-GALERY op 028 312 4988 gedoen word. Verdere navrae kan gerig word aan René du Plooy by 082 940 4238.

Ben Capps